higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

28 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE BOERDERYBESTUURSINLIGTINGSTELSEL

1.1
- Dit moet maklik wees om mee te werk en eenvoudig om te verstaan.
- Dit moet verwerk word en gebruik word om die plaas te bestuur.
- Die boer moet die kennis hê om die inligting korrek te verwerk, logies te vertolk en betekenisvolle besluite te neem. (3)

1.2
- Inventaris
- Inkomste/ontvangste en bestedings/betalings
- Fisiese produksiedata
- Mannekragverslae (4)

1.3 Hy moet:
- 'n Fisiese inventaris en, deur die bates te waardeer, ook 'n monetêre inventaris opstel
- 'n Aanvanklike (begin-)balansstaat opstel
- Alle inkomste/ontvangste en bestedings/betalings opteken
- Alle fisiese produksiedata opteken
- 'n Behoorlike stelsel van mannekragverslae hou
- Die finansiële jaarstate voorberei
- Die resultate van die boerderyonderneming ontleed en vertolk (7)

1.4 1.4.1
- Kontant
- Beleggings (2)

1.4.2
- Die basis✓ waarop bates gewaardeer is✓
- Die metode wat toegepas is✓ om waardevermindering en depresiërende bates te bereken✓ (2 × 2) (4)

1.5 1.5.1 Totale bedrag wat gedepresieer moet word
= R160 000 – R10 000✓
= R150 000✓ (2)

1.5.2 Jaarlikse waardevermindering = $\frac{KP - S}{L}$✓

$= R\frac{160\,000 - R10\,000}{25 \text{ jaar}}$✓

= R6 000✓ per jaar ✓ (4)

1.5.3 Opgehoopte waardevermindering = R6 000✓ × 12 jaar✓
= R72 000✓✓ (4)

1.5.4 Aanvangswaarde in eerste inventaris = R160 000✓ – R72 000✓
= R88 000✓✓ (4)

1.6
- Die aankoop- of konstruksiedatum
- Die kosprys of aanvangswaarde
- Die verwagte nuttige lewensduur
- Die verwagte vervangingswaarde
- Die verwagte herwinningswaarde
- Die metode en koers van waardevermindering
- Die jaarlikse kapitaalverhaling
- Die jaarlikse vermindering in die inventariswaarde van die bate
- Die boekwaarde van elke bate aan die einde van elke finansiële jaar
- Die volledige beskrywing van elke bate

(Enige NEGE van bogenoemde of enige ander redelike antwoord) (9 × 1) (9)

1.7 1.7.1 Aanvangswaarde = kosprys✓ – opgehoopte waardevermindering✓

1.7.2 Aanvangswaarde = verwagte vervangingswaarde✓ – opgehoopte waardevermindering✓

(2 × 2) (4)


1.8
- Getal werknemers
- Dienskontrakte
- Salarisse en verlof
- Voorskotte en skulde

(Enige DRIE van bogenoemde) (3 × 1) (3)

[50]


VRAAG 2: EKONOMIESE PRODUKSIEBEGINSELS

2.1 2.1.1 Vaste vervangingskoers




(EEN punt vir die kromme en EEN punt vir die naam van elke as)

2.1.2 Konstante vervangingskoers




(EEN punt vir die kromme en EEN punt vir die naam van elke as)

2.1.3 Vermeerderende vervangingskoers



(EEN punt vir die kromme en EEN punt vir die naam van elke as)

2.1.4 Verminderende vervangingskoers



(EEN punt vir die kromme en EEN punt vir die naam van elke as)
(4 × 3) (12)

2.2 Fisiese vervangingskoers = $\frac{\text{Hoeveelheid van oorgedraagde inset } (\Delta X_2)\checkmark}{\text{Hoeveelheid van toegevoegde inset } (\Delta X_1)\checkmark}$

Ken EEN punt toe as formule heeltemal korrek is✓ (3)

2.3 2.3.1 Gesamentlike produkte word verkry wanneer die produksie van een produk✓ outomaties 'n vaste hoeveelheid van 'n ander produk genereer.✓ VOORBEELD: beesvleis✓ en velle,✓ wol en skaapvleis.

2.3.2 Aanvullende produkte word verkry wanneer 'n verandering in die produksie van een produk✓ geen uitwerking op die produksie van 'n ander produk het nie.✓ VOORBEELD: beeste✓ en bokke.✓

2.3.3 Komplementêre produkte word verkry wanneer 'n toename in die produksie van een produk✓ ook tot 'n toename in die produksie van die ander produk lei.✓ VOORBEELD: peulgewasse✓ gebruik in wisselbou,✓ beeste en bokke.

2.3.4 Antagonistiese produkte kom voor as die produksie van een produk nie net die insette van 'n ander produk opeis nie,✓ maar ook 'n nadelige uitwerking op daardie produk het.✓ VOORBEELD: beeste en wildebeeste wat saam grootgemaak word,✓ snotsiekte ('bovine malignant catarrhal fever') is dodelik vir beeste.✓

(4 × 4) (16)

2.4 2.4.1
- Veranderlike koste
- Vaste koste
- Totale koste (3)

2.4.2

Produksie per hektaar (ton/ha)	Totale vaste koste (R)	Totale veranderlike koste	Totale koste (R/t)	Gemiddelde vaste koste (R/t)	Gemiddelde veranderlike	Gemiddelde totale koste (R/t)	Marginale koste (R/t)
6.0	500	650	1150✓	83.3✓	108.3✓	191.7✓	
8.0	✓500	5 000	5500✓	62.5✓	625.0✓	687.5✓	2175✓
10.0	✓500	6 000	6500✓	50.0✓	600.0✓	650.0✓	500✓

(16)
[50]

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 3.1.1
- Slaglammers gereed vir verkoop
- Debiteure
- 'n Tekefoonrekening vir Maart 2019 is vooruit betaal
- Inset-BTW
- Geld in 'n gewone spaarrekening
- Tjeks vir kommersiële lammers ontvang maar nog nie gebank nie
- Dieselbrandstof
- Kleinkas
- Kunsmis gekoop maar nie gebruik nie (9)

3.1.2
- Vaste deposito by ABSA bank
- Opbetaalde kapitaal in koöperatiewe aandele
- Rente op koöperatiewe lede se heffingsfonds (3)

3.1.3
- Gereedskap en implemente teen markwaarde
- Waarde van teel- en melkkuddes
- Hyundai-vragmotor teen markwaarde (3)

3.1.4
- Waarde van grond teen konserwatiewe markwaarde
- Limpopo Dairy Parlour
- Waarde van die aanbouing aan die melkeryskuur
- Kraal en heinings (4)

3.1.5
- Krediteure
- Elektrisiteitsrekening van Eskom vir Augustus 2018 is nog steeds agterstallig
- Voorsiening vir inkomstebelasting
- BTW verskuldig aan ontvanger van inkomste
- Voorsiening vir betaling van ouditeurs (5)

3.1.6
- Huurooreenkoms by die Landbank
- Terugbetalingsooreenkoms vir die trekker by Standard Bank (2)

3.1.7
- Saldo op die verbandlening by ABC-bank
- Saldo van verband op eiendom by Nedbank (2)

3.1.8 Regterkant (1)

3.1.9 In stygende of dalende volgorde✓ van likiditeit.✓ (2)

3.1.10 Inkomstestaat dek 'n tydperk, gewoonlik 'n jaar,✓ terwyl 'n balansstaat op 'n sekere oomblik in tyd geneem word.✓ (2)

3.2 3.2.1
- Totale kapitaal aangewend is die som van die waarde van totale bates✓ en die waarde van gehuurde grond.✓
- Buitelandse kapitaal is die totale skuld van die onderneming✓ plus die waarde van gehuurde grond.✓

3.2.2
- Netto waarde is die bedrag geld✓ wat die boer sal behou as hy of sy die plaas se bates sou verkoop.✓
- Skuld is die bedrag wat aan 'n persoon of organisasies geskuld word✓ vir geld wat geleen is en terugbetaal moet word.✓

3.2.3
- Solvensie is wanneer die waarde van 'n bate die omvang van die skuld oorskry ✓ ná die onderneming gestaak is en die bates verkoop is om die skuld te betaal.✓
- Likiditeit is die vermoë om verskuldigde bedryfslaste te betaal✓ sonder om boederybedrywighede te verminder of te staak.✓

(3 × 4) (12)

3.3 3.3.1 E
3.3.2 I
3.3.3 C
3.3.4 G
3.3.5 D

(5 × 1) (5)
[50]

VRAAG 4: DIE BOERDERYINKOMSTESTAAT

4.1 BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN SUIWELVERTAKKING

	Bedrag (R)
Gespeende kalwers vir vleis verkoop	50 000
Uitskotdiere by veiling verkoop	70 000
Melk afgelewer maar wag nog vir kontant	15 000
Melk aan Shoprite-supermark verkoop vir kontant	250 000
Mis van skure aan bure verkoop	9 000
Mis uit melkvertakking as bemesting vir die wingerd	8 000
Melk vir arbeiders se rantsoene	5 000
Koeie vir werkers geslag	14 000
Melk vir die huishouding	4 000
Versekering betaal vir gesteelde koeie	7 000
Uitskotkoeie aan die begin van die jaar	-70 000
Uitskotkoeie aan die einde van die jaar	15 000
Vrugbare koeie aan die begin van die jaar	-200 000
Vrugbare koeie aan die einde van die jaar	250 000
TOTAAL	**427 000**

(15)

4.2 BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN DIE WINGERDVERTAKKING

Druiwe aan wynkelder gelewer✓	150 000✓

(2)

4.3 BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN DIE PLAAS IN DIE GEHEEL
= BPW suiwel + BPW wingerd✓
= 427 000✓ + 150 000✓
= R577 000✓ (4)

4.4 DIE KOSTE VAN ARBEID VIR DIE JAAR

Kontantlone aan werkers betaal	150 000
Koeie vir werkers geslag	14 000
Melk vir arbeiders se rantsoene	5 000
TOTAAL	R169 000

(4)

4.5 DIE KOSTE VAN BRANDSTOF VIR DIE JAAR

Brandstof en smeermiddels	60 000
Beginvoorraad brandstof	5 000
Eindvoorraad brandstof	-3 000
TOTAAL	R62 000

(4)

4.6 DIE TOTALE PRODUKSIE-, BEMARKING- EN ADMINISTRASIEKOSTE VIR DIE JAAR

Instandhouding van die voertuie en implemente	30 000
Inenting van melkbeeste	20 000
Elektrisiteit	40 000
Kos vir melkbeeste gekoop van Limpopo Dairy	50 000
Verpakking vir melk	160 000
Beginvoorraad verpakkingsmateriaal vir melk	4 000
Eindvoorraad verpakkingsmateriaal vir melk	-250 000
Waardevermindering op toerusting	30 000
Koste van arbeid	169 000
Koste van brandstof	62 000
TOTAAL	R315 000

(12)

4.7 DIE NETTO PLAASINKOMSTE
= Totale BPW – Produksie-, bemarking- en administrasiekoste
= R577 000 – R315 000
= R262 000 (4)

4.8 DIE PLAAS SE WINS
= NBI – Vergoeding tot buitelandse kapitaal (rente en grondhuur)
= R262 000 – (R11 000 + R10 000)
= R262 000 – R21 000
= R241 000 (5)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou